

WEES EFFEKTIEF IN DIE KONINKRYK VAN GOD!

6 Januarie 2013, Ps Stephen Smith

When the cup is full, when the culture is ready, when the climate is right, the power shifts!

Environment or Culture:

- Response to *Spiritual influence* creates *Atmosphere*.
- Atmosphere that is sustained creates *Climate*.
- Climate that is sustained creates *Strongholds*.
- Strongholds sustained determine *Culture*.

Sometimes the fastest way to change or SHIFT, is simply to change your CULTURE.

Die Koninkryk van God - 'n Nuwe Orde

But seek (aim at and strive after) first of all His kingdom and His righteousness (His way of doing and being right), and THEN all these things TAKEN TOGETHER will be given you BESIDES.

Matthew 6:33 (Amplified)

...verlos uit die mag van duisternis en oorgebring in die koninkryk van Christus Jesus.

Kolossense 1:9-13

As bewoners van God se koninkryk, moet ons geken word aan ons kultuur, en hierdie kultuur moet die lewens van alle mense om ons aanraak en beïnvloed!

Siekte, armoede, tekort, honger, vrees, mismoeniging, nederlaag, vloeke, wellus, afguns, jaloesie, haat, geweld – niks van hierdie bestaan waar Koninkrykslewe geleef word nie!

'n Huis is die manifestasie van dit wat in die mense is. Met die regte *bestanddele* wat in jou is, sal jou huis groei en die Here verheerlik.

Jesus se dissipels vra Hom die vraag:

Wat is die teken dat ons sal weet dit is die einde van tyd?

En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie.

Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei.

En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie.

Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnood wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke.

Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte.

Mattheüs 24:4-8, 14

Hierdie evangelie sal verkondig word as 'n getuïenis, 'n demonstrasie!

Maar Jesus het hulle gedagtes geken en vir hulle gesê: Elke koninkryk wat teen homself verdeeld is, word verwoes; en elke stad of huis wat teen homself verdeeld is, sal nie bly staan nie.

En as die Satan die Satan uitdryf, dan is hy teen homself verdeeld. Hoe sal sy koninkryk dan bly staan?

Mattheüs 12:25-26

In 2 Korinthiërs 4:4 sien ons dat Satan die god van hierdie wêreld of koninkryk is. In Mattheüs 4 lees ons dat die Satan het Jesus versoek deur vir Jesus al hierdie koninkryke en hulle heerlikheid aan te bied as Jesus voor hom sou buig.

Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevoers— tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskaal sal dit doen.

En toe Hy deur die Fariseërs gevra is wanneer die koninkryk van God sal kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie.

En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van God is binne-in julle.

Lukas 17:20-21

...terwyl Hy gedurende veertig dae aan hulle verskyn het en oor die dinge van die koninkryk van God gespreek het.

Handelinge 1:3

Gevolgtrekking:

Jesus leer ons om op Sy koninkryk te vertrou, te steun want daar gaan aardbewings, droogte, oorloë (geen vrede) kom. Waar is die koninkryk? In ons. Wat is die koninkryk van God? Liefde, geregtigheid en vrede. Ons hoef nie meer te vra waar is die koninkryk van God nie – dit het gekom en is nou in ons.

Beginsel van "Land"

Onderhou dan al die gebooië wat ek jou vandag beveel, dat julle sterk kan wees en inkom en die land in besit neem waarheen julle oortrek om dit in besit te neem.

Deuteronomium 11:8

Land is gebied. Land is dinge, besittings. Land is besigheid. Land is familie. Land is genesing. Land is jou visie. Let op hier dat God handig dit nie net aan ons oor nie.

Wanneer jy nie iets besit nie, is jy net 'n bywoner in die land sonder om die eienaar van die land te wees. Daar is 'n verskil tussen mense wat iets besit en ander wat die voordele geniet.

Deuteronomium 11:9-12

- *Die land is anders as Egipte. Daar het julle saad geplant en dan moes julle hard werk om dit soos 'n groentetuin nat te lei (v10 BOODSKAP).*
- *Die land is anders as Egipte. In die land waarheen julle op pad is, is dit heeltemal anders. Daar is net berge en vlaktes (so groot is dit, nie meer soos 'n groentetuin nie), en almal is van reënwater afhanklik. (Kan nie hierdie land met die tuinslang (natuurlike) natlei nie. Dit gaan reën uit die hemel benodig om dit te versadig) (v11 BOODSKAP).*

1. Jy moet met 'n Visie begin

Die visie wat jy vir jou bediening, jou huis, jou besigheid, JOU LEWE het sal bepaal wat gaan gebeur in die werk wat jy doen. Jou visie bepaal hoe vêr jy gaan en wat jy gaan bereik. Jy het nie nodig dat elke liewe stap vir jou uit een gesit moet word nie, maar jy het 'n fondasie nodig om op te bou en soos jy vorder dan uit te brei.

Vat dit op jouself, saam met die Heilige Gees om jou visie vir jou lewe te vestig.

Ek het 'n visie, 'n bloudruk, van die tipe mense wat ek deur my bediening wil bou. Mense met dieselfde geloof, dryfkrag, vrygewigheid, en verpligting ("commitment"). Mense met een verstand (sin) en een gees.

Jy het nodig om tyd af te staan en jou visie te bepaal en te ontwikkel.

Jou verstand sal jou die motivering gee om deur die moeilike dinge wat sal opduik voort te gaan. Dit sal jou die krag en die geloof gee om die uitdagings te hanteer wat jy in die gesig sal staar.

2. Jy moet 'n Sterk Begeerte hê

Your desire for something is the sole determinant of how far you're going to go.

Groot dinge gebeur wanneer jy 'n groot begeerte het en die dryfveer daarvoor het. Hierdie begeerte stel jou instaat om dinge te doen wanneer jy nie lus voel om dit te doen nie, dit versterk jou.

Broeders, ek reken nie dat ek dit self begryp het nie. Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.

Filippense 3:13-14

I don't know about you, but I'm running hard for the finish line. I'm giving it everything I've got. No sloppy living for me!
I Corinthians 9:26 (Message)

Paulus sê hy gaan jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping in Christus.

Strek met alles wat binne jou is, en jy sal die visie wat jy vir die werk van God het volbring. As 'n begeerte vir groei en die koninkryk nie binne jou brand nie, aanvaar jy middelmatigheid. Jy sal afdwaal en mismoedig word en uiteindelik opgee.

3. Luister sorgvuldig na die Heilige Gees

As ons groei in ons lewens wil sien, kan ons nie vanuit tradisies, gewoontes, of dit wat ons van ander mense sien, funksioneer nie. Ons moet vanuit die leierskap van die Heilige Gees funksioneer. Met sy leiding sal jy bonatuurlike groei hê.

In Hebreërs 4:7 sê dit; *Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie.* Jy mag dink dat jou hart is nie verhard nie, maar 'n harde hart is 'n verwarde hart, of 'n hart wat te besig is om Hom te hoor.

Maniere om na die Heilige Gees te luister:

- Deur Die Begeertes Van Jou Hart

En verlustig jou in die Here; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart.

Psalm 37:4

- Deur 'n Innerlike Getuienis

Ons wag so baie keer vir 'n verduideliking. Die Heilige Gees verduidelik Homself nie, Hy gee jou net 'n getuienis, gevoel, Woord, waarskuwing, Hy lei jou in die waarheid in.

- Die Klein Stil Stem

In I Konings 19:9-12 sien ons waar Elia op die berg is en die Here probeer om 'n boodskap aan hom oor te dra. 'n Wind het gekom, toe 'n vuur en 'n aardbewing. *En na die vuur die gesuis van 'n sagte koelte.* (Amp); *...and after the fire (a sound of a gentle stillness and) a still, small voice.*

4. Jy moet Geloof hê.

In I Timótheüs 6:12 sê Paulus vir Timótheüs: *Stry die goeie stryd van die geloof.* Geloof is betrokke by alles wat ons doen. Dit is die enigste manier hoe ons in die bronne van God kan inbeweeg. Jesus het gesê *dat as ons geloof soos 'n mosterd saad het, sal niks vir ons onmoontlik wees nie.* Geloof produseer resultate.

Jy moet geloof in jou lewe inbou, in jou woorde, jou gedrag, en jou uitdrukking - m.a.w jou hele wese.

5. Jy moet 'n Sterk Liefde vir Mense hê.

Die liefde vergaan nimmermeer.

I Korinthiërs 13:8

Engels: *Love never fails.*

Liefde sal jou lei om ander mense te help. Liefde sal jou beweeg. Daar sal mense wees wat teen jou sal rebelleer, oor jou sal lieg, onenigheid om jou sal skep en jou rêrig seer sal maak. As jy toelaat dat jy seergemaak word, sal jy begin om ander seer te maak. As jy bitter begin word, sal jy bitterheid versprei.

Liefde sal alles oorwin. Liefde stel nooit teleur nie.

6. Jy moet 'n Lewenslange Toewyding hê.

In die koninkryk van God kan jy nie dinge probeer doen nie. Jy moet 'n sterk toewyding teenoor jou bediening (heerlikheid) hê. Dit beteken dat jy jou lewe aflê, wortel skiet, en vir altyd daar is. Wees gefokus op die visie wat God vir jou gegee het.

En 'n ander een het ook gesê: Here, ek sal U volg, maar laat my eers toe om afskeid te neem van die wat in my huis is.

En Jesus antwoord hom: Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie.

Lukas 9:61-62

7. Bid gedurigdeur

Aanhoudende gebed is baie belangrik vir bonatuurlike groei. Dit moet meer as 'n program of 'n raamwerk van 'n gebed wees, dit moet 'n lewenswyse wees. In I Thessalonicense 5:17 sê Paulus, *Bid sonder ophou!*

Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.

Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind.

I Petrus 5:8

God het alreeds besluit dat die kerk suksesvol sal wees in haar sending. Die poorte van die doderyk sal ons nie oorweldig nie, elke nasie sal die Goeie Nuus van die evangelie van Jesus hoor. **Jou** lewe sal voorspoedig wees en groei as jy saam met God wandel en Sy plan volg vir jou lewe.

Gevolgtrekking: Vra jouself die volgende vrae:

1. Soek Ek Die Koningryk Van God Eerste?

Hy het 'n plan vir elke lid van Sy liggaam. Wat is Sy plan vir my lewe? Wat doen ek om uit te vind wat Sy plan vir my lewe is?

2. Eer Ek God Se Orde Vir Koninkryks Ekonomie?

Dit sal baie moeilik wees om myself te oortuig dat ek geïnteresseerd is in wat God op die aarde doen as ek nie 'n deel van my finansies in die werk van die evangelie saai nie.

3. Wat Is Die Grootte Van My Land?

Produseer my land alreeds die maksimum oes? Is die land alreeds van hoek tot kant vol koring? Is daar ruimte vir vermeerdering in my huidige land? Het God alreeds my huidige land (werk) tot die maksimum geoes?

4. Wat Kan Ek Doen Om In Groter Lande Te Saai Op Aarde?

Spandeer tyd in gebed en vra die Here om jou te wys of daar addisionele vaardighede is wat Hy wil hê jy moet verkry. Jy sal vind dat Hy baie prakties is. Hy is die Lewende God en Hy het die vermoë om vir jou presiese instruksies te gee aangaande wat jy moet doen.

Successful people reassess their lives and then start living intentionally.